

,,DIE STEM VAN SUID-AFRIKA,,

(Vervolg van bladsy 13.)

Die Stellenbossers het intussen ook lus gekry om 'n melodie te soek, en met raad gelei het hulle op een van die ou Duitse Rhein-liedere afgekrom (waarvan die outeursreg al uitgedien was), en deur bemiddeling van dr. Lydia verlof gevra vir toepassing by die woorde. Dit het ons toe hier in die Kaap self laat doen en die musiek en woorde is met verlof deur die Stellenbossers gesing totdat adv. Victor Potgieter — destyds daar student — musiek gekomponeer het waarvoor hy van Chief verlof gekry het om te publiseer. Interessant is dit om op te merk dat die ritme van die Rheinlied se musiek presies dié van Chief se woorde is, maar dis te sagvloeiend vir 'n lewendige, besielende volkslied. Natuurlik, dit was dan nie daarvoor gemaak nie. Mnr. Stephen van Eyssen wat in 1928 musiek vir „Die Stem” gekomponeer het, was toe een van die aanvoorders wat die Duitse musiek help soek het. Die oorspronklike van die toepassing het ek. Potgieter se musiek is in 1928 deur 'n keurkomitee te Bloemfontein gekies uit vyf komposisies om by die Vlag-feestelikhede gesing te word in die Vrystaat. Mnr. Van Eyssen deel mee dat syne in Transvaal vir dieselfde doel gesing is.

* * *

Intussen was die Chief aan 't skryf aan *Die Pad van Suid-Afrika*, en in Augustus-maand 1921 besluit hy om „Die Stem” in daardie boek op te neem, sodat dit daarin verskyn in sy huidige vorm.

Op die 28e Augustus skryf hy my: „Prof. Pienaar vra my verlof om die „Stem” in die nuwe opplaag van sy *Digters* op te neem en om lewens-besonderhede. Eerste het ek met plesier toegestaan en hom die wysiging in die een koor gestuur. Laaste het ek geweier — met alle mooiigheid.”

* * *

Omstreeks die jaar 1927 was Gideon Fagan terug van sy studie in die buiteland en hy het besluit om te probeer en dit was 'n pragtige poging. Chief het vir my daarvan geskryf om my te herinner dat hy my reeds gesê het: as die regte kom sal ons sommer weet dis die regte. Gideon het 'n paar plekies vereenvoudig om die Chief te plesier en later met ons hartlike verlof dit op 'n grammofoonplaat deur mej. Betsy de la Porte laat sing. (H.M.V.) Op 'n Afrikaanse aand in die stadsaal Kaapstad het hy dit laat sing deur 'n groot koor van skoolkinders uit my skool, en dit was pragtig. Die bladmusiek sou nog voor Chief se heengaan uitgekrom het; ons had die proef reeds klaar gelees.

In 1928 het Stephen van Eyssen sy musiek gekomponeer en aan dr. Viljoen, destyds redakteur van *Die Huisgenoot*, vir publikasie gestuur. Dr. Viljoen het ons genader om seker te maak van die verlof, maar ons was al teen die tyd so oorvol van die musieke — en daar was nog baie ander waarvan ek nie hier melding gaan maak nie — dat ons besluit het om vereers te wag. In 1931 stuur mnr. Van Eyssen 'n afskrif van sy musiek aan Chief (20 Julie), en daarop het Chief geantwoord (ek haal aan uit 'n afskrif wat Chief eiehandig gemaak het agter op mnr. Van Eyssen se brief):

„Jou brief van 20 deser het ek ontvang net nadat ek 'n stuk aan *Die Burger* geos het waarin ek so goed as kla dat daar vir „die Stem” nog geen wysie is na die volk se oor nie. Aan daardie tekortkoming lyk dit vir my ly jou toonsetting nie. (Oor ander musiekvereistes kan ek nie oordeel nie.) Goed dan, publiseer met my verlof, en mag jy sukses hê...”

Ek maak spesifiek melding van hierdie brief, wat Chief vir my gestuur het om weg te sit, omdat prof. Brokhorst in *Neerlandia* verlede jaar beweer het dat Chief mnr. Van Eyssen s'n as die beste van die toonsettings uitgesoek het. Soos elkeen weet wat iets van hom weet, was Chief baie gesteld daarop dat 'n mens hom moes reg aanhaal

of glad nie. Die H.M.V. het by hulle laaste besoek aan Transvaal 'n opname van hierdie laasgenoemde toonsetting gemaak waarop mnr. Van Eyssen self sy lied pragtig voordra, hoewel die koor wat saamsing ver onderkant die solosinger se peil staan. Die plaat is 'n eerste klas opname met orkestrale spel en begeleiding.

Ook M. L. de Villiers se toonsetting is op 'n grammofoonplaat te kry, o.a. 'n baie mooie deur Cecilia Wessels (Columbia) gesing, met begeleiding van die Alhambra-orrel.

* * *

Toe die F.A.K. besluit het om 'n prysvraag uit te skryf vir 'n offisiële volkslied, het die sekretaris van die Bloemfonteinse Kultuurbond aan Chief geskryf met die versoek om „Die Stem” in Engels te vertaal, „omdat dit dan volgens ons mening die geskikste volkslied vir albei volksdele sou wees.” Sulke versoeke had hy reeds voor die tyd meermale ontvang saam met pogings tot vertalings van ander mense (ek het 'n hele klomp van hulle op legger). Daarop het hy geantwoord dat hy nie sal meeding nie, en dat hy van mening is dat die Engelse nie met 'n vertaling gediend sal wees nie maar nog altyd „God save the King” sal wil sing. Wat die vertaling betref, het hy moeilikheid gesien met die klemtoon wat op die laaste sillabe van *Afrika* val, en dit is die sleutelwoord van die lied. Toe die sekretaris van die F.A.K. my sienswyse verneem aangaande 'n moontlike vertaling, het ek vriende in die Kaap geraadpleeg, en hulle was van mening dat ons dit behoort toe te laat. As die volk te kenne gee dat hulle „Die Stem” ook in Engels wil hê as volkslied, sal ons ernstig daarvoor moet nadink.

In enige geval kan die melodie-moeilikheid opgelos word deur 'n prysvraag waarin die reeds bestaandes vanselfsprekend in aanmerking geneem sou word.

* * *

Op een of ander van die wysies word „die Stem” deur die lengte en breedte van Suid-Afrika gesing; soos ons hom gesing het by sy graf toe ons hom in sy laaste aardse rusplaas gegroet het.